



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die sesde verslag vir 2020.

POLITIEK

- Die Covid-19 pandemie veroorsaak steeds groot ontwrigting in die wêreld ekonomie. Baie regerings het besluit om die ekonomiese inperkings versigtig te verslap in 'n poging om te voorkom dat die ekonomieë totaal ineenstort. Ongelukkig moes sommige van hierdie verslappings weer ongedaan gemaak word aangesien die aantal infeksies dramaties gestyg het sedert die inperkings gedeeltelik opgehef is.
- Regerings moes veral in ontwikkelende ekonomieë die besluit neem om óf die ekonomie oop te maak óf toelaat dat die ekonomie totaal ineenstort en in die langer termyn met 'n berg onbekostigbare skuld te sit. Dit is ook 'n situasie waar besluit moet word of mense sterf weens die virus of weens armoede en honger. Hierdie situasie is ook van toepassing op die RSA.
- Terwyl ek skryf, is die infeksiekoers in die VSA sowat 40,000 nuwe gevalle per dag en kan maklik tot 100,000 styg indien die gedrag van die mense nie verander nie. Dit dui ook daarop dat die verslapping van die inperkings maklik weer ongedaan gemaak kan word met die negatiewe impak daarvan op ekonomiese groei.
- Wêreldwyd word gevrees dat die eerste golf van infeksies mettertyd opgevolg kan word met 'n nuwe laag infeksies indien die virus muteer met 'n gevolglike negatiewe impak op groei. Dit is baie duidelik dat die onsekerheid wat deur die koronavirus veroorsaak word, nog lank nie iets van die verlede is nie.
- Nieteenstaande die verbetering in die VSA werkloosheidsyfers, is die indiensneming situasie ver van bevredigend en kan dit die kans van president Donald Trump versuur om weer op 3 November as president herkies te word.
- Op 1 Julie het Duitsland die roterende presidentskap van die Europese Unie (EU) vir die volgende ses maande oorgeneem. Dit bied Angela Merkel die moontlikheid om as sterk leier na vore te tree voordat sy in 2021 as leier van haar party uittree. Die uitdagings is egter geweldig in die sin dat in die volgende ses maande die implementering van Brexit afgehandel moet word asook die impak van die Covid-19 pandemie op die EU ekonomie.
- Terwyl die Wêreld Gesondheidsorganisasie ons waarsku dat die ergste van die pandemie nog voorlê, is die bekommernis dat die bevolkings en ekonomieë van Latyns-Amerika en Afrika nie die uitdagings van die pandemie in die res van die jaar sal kan hanteer nie.
- Komentators is bekommerd dat baie arm Afrika lande met swak gesondheidstelsels onder geweldige druk kan kom indien hulle groot uitbrake van die virus onder hul bevolkings ervaar.
- Volgens die Zimbabwiese regering het hulle die aandelebeurs gesluit om die



geldeenheid te stabiliseer. Hulle sê dat die aandelebeurs gebruik is om geld uit die land te neem wat die waarde van die heringestelde Zimbabwe dollar ondermyn. Inflasie is tans sowat 800%.

- Noord-Korea het 'n gebou tussen die twee Koreas opgeblaas waar oorleg met mekaar gepleeg kon word oor allerlei sake soos die sekuriteitsituasie asook sanksies wat die verhouding tussen die twee lande raak. Miskien was dit goedkoper en meer indrukwekkend om die gebou wat deur

Suid-Korea gefinansier is, die lug in te blaas as om 'n paar missiele die lug in te stuur?

- Rusland hoef nie weer verkiesings te hou tot in 2036 nie, want president Wladimir Poetin word na 'n referendum toegelaat om tot dan te regeer – baie demokraties!
- Hou in gedagte: die veiligste manier om die koronavirus te hanteer is om jou hande te was, 'n masker te dra en weg te bly van vriende en familie en net jou vyande te besoek, want dít help om die sosiale afstand te hou. (Al my kinders, kleinkinders en vriende is nou tot my vyande verklaar,)

INTERNASIONAAL

- Verskillende vooruitskattings vir groei in 2020 en 2021 verskil geweldig baie van mekaar en word dikwels op 'n maandelikse basis aangepas. Sommige vooruitskattings wat verlede maand aangedui het dat die wêreld ekonomie in 2020 met 5% sou inkrimp, toon nou negatiewe groei van 4% aan. Die aanname is steeds dat groei in 2021 sowat 5% sal wees.
- Onlangs het die IMF negatiewe groei van 4.9% vir 2020 en positiewe groei van 5.4% vir 2021 voorspel.
- Ek is steeds van mening dat dit baie moeilik is om enige voorspellings vir óf 2020 óf 2021 te maak terwyl die onsekerheid oor die Covid-19 pandemie voortduur. Ons kan wel seker wees dat negatiewe groei in 2020 ervaar sal word, terwyl ons hoop dat positiewe groei in 2021 sal terugkeer.
- Die beter voorutisig vir die wêreld ekonomie word gebaseer op die sterker as verwagte herstel van sommige ontwikkelde ekonomieë nadat die inperkings verslap is.
- Waar negatiewe groei van 6.5% vir die VSA voorspel was, dui voorspellings tans negatiewe groei van minder as 5% aan. Negatiewe groei van meer as 9% word tans vir die VK voorspel; die voorspelling vir die Eurogebied is dat negatiewe groei van sowat 6.5% verwag word teenoor die vorige

voorspelling van amper 7% negatiewe groei; die voorspelling vir Duitsland is tans negatiewe groei van net meer as 4% teenoor die vorige amper 6%; die voorspelling is dat Japan negatiewe groei van minder as 6% sal toon teenoor die vorige negatiewe groei van sowat 6.5%. Die voorspelling is dat China positiewe groei van 2% sal toon teenoor die vorige net meer as 1%.

- Dit is baie normaal dat vooruitskattings té pessimisties raak wanneer 'n probleem opduik en in hierdie geval nog 'n onbekende probleem daarby en dan weer té optimisties raak wanneer sake weer na normaal terugkeer. Daarom verwag ek dat ons voor die einde van die kwartaal en voor die einde van die jaar nog heelwat aanpassings vir die vooruitskattings vir 2020 en 2021 sal ervaar.
- VSA werkloosheid het van die rekord van 14.7% in April tot 13.3% in Mei en tot 11.1% in Junie gedaal. Die jongste werkloosheidsyfers is soos volg: VK 3.9%, Eurogebied 7.3%, Duitsland 3.9%, Japan 2.9% en China 5.9%. Die verwagting is dat werkloosheid in die meeste lande in die res van die jaar op hoë vlakke sal bly.
- Inflasie bly goed onder beheer en sal na verwagting laer as die mikpunte van



sentrale banke in 2020 en 2021 bly. Die jongste inflasiesyfers is: VSA 0.1%, VK 0.5%, Eurogebied 0.3%, Duitsland 0.9%, Japan 0.1% en China 2.4%.

- Gegewe die vooruitsig vir negatiewe groei in 2020, hoë werkloosheidsvlakke en inflasie wat hom goed gedra, word verwag dat korttermynrentekoerse 'n lang tyd op die huidige lae vlakke sal bly. Hierdie rentekoerse sal waarskynlik nie op die vroegste, voor 2022 styg nie.
- Die huidige baie lae langtermynrentekoerse reageer baie vinnig op enige teken van 'n ekonomiese herstel. Op 1 Julie het tienjaar VSA staatseffekte teen 0.68% verhandel (0.64% op 29/5/20); VK effekte het teen 0.21% verhandel (0.18% op 29/5/20); Duitse effekte verhandel teen -0.39% (-0.45% op 29/5/20); Japanse effekte verhandel teen 0.05% (-0.1% op 29/5/20); Chinese effekte verhandel teen 2.89% (2.7% op 29/5/20). Hierdie langkoerse bly op baie lae vlakke. Dit word verwag dat hulle sal reageer op enige inperking of nuwe uitbraak van die koronavirus in die res van die jaar en tot diep in 2021. Enige teken van ekonomiese herstel sal dié rentekoerse hoër druk en enige toename in Covid-19 infeksies en 'n gevolglike swakker ekonomiese prestasie, sal hulle laat daal.
- Algemene kommoditeitspryse word ook beïnvloed deur aanduidings dat ekonomieë en veral die Chinese ekonomie beter vertoon. Die Londense Metaalbeursindeks wat ses metale insluit naamlik aluminium, koper, sink, lood, nikkel en tin, het in die afgelope maand met 6.6% gestyg. In die afgelope maand het koper met 9.8%, aluminium met 5.3% en tin met 9.2% gestyg. Die koperprys het gestyg weens beter as verwagte fabrieksdata uit China, die belangrikste verbruiker, terwyl die aanbod vanuit Chili, die wêreld se grootste produsent van koper, ontstig is. Ongelukkig

vir Suid-Afrika, het die steenkoolprys met 3.8% gedaal terwyl die ysterertsprys sywaarts in die afgelope maand beweeg het. Mangaanpryse het met 15.6% in die afgelope maand verswak.

- Goud word steeds ondersteun deur voldoende likiditeit in die wêreld finansiële markte sowel as politieke spanning en onsekerhede in baie wêrelddele. In die afgelope maand het die goudprys met 4.6% gestyg en in die afgelope jaar met 25.2%. Die platinumprys het met 2.2% in die afgelope maand en met 3.4% in die afgelope jaar verswak. Beide die palladium en rodiumpryse het in die afgelope maand gedaal.
- Die internasionale olieprys baat by die afname in aanbod vanuit OPEC lande en Rusland, terwyl die vraag na olie styg weens die afname in inperkings asook die afname in VSA voorrade. Terselfdertyd word enige styging in die olieprys beperk weens die swak vertoning van die wêreld ekonomie asook tegnologiese veranderings soos elektriese motors en goedkoper hernubare energie. In die afgelope maand het Brent ru-oliepryse met 7.4% gestyg.

PLAASLIK

- Negatiewe groei van 2.2% kwartaal-op-kwartaal (k-o-k) is in die eerste kwartaal van 2020 aangeteken. Die negatiewe groei is versag deur die sterk 27.8% k-o-k groei wat die landbousektor getoon het. Dit het die negatiewe syfers van die mynbou- en vervaardigingsektor wat negatiewe groei van 21.5% en 8.5% onderskeidelik getoon het, versag. Die finansiële sektor het positiewe groei van 3.7% getoon.
- Alhoewel die landbousektor in beide die tweede en derde kwartaal positiewe groei behoort te toon, word verwag dat veral die tweede kwartaal baie sterk negatiewe groei sal toon. Volgens die Reserwebank kan



negatiewe groei van meer as 32% in die tweede kwartaal verwag word.

- Die onsekerheid rakende die ontwikkeling van die Covid-19 pandemie en moontlike verdere inperkings en die impak daarvan op die ekonomie, maak dit onmoontlik om betroubare vooruitskattings te maak vir ekonomiese groei in 2020. Tans wissel vooruitskattings tussen 6% en 16% negatiewe groei vir 2020 en positiewe groei van tussen 3% en 5% vir 2021.
- Die Mei handelsrekening het 'n surplus van R15.9 miljard teenoor die tekort van R36 miljard in April getoon. Uitvoere het met 96.1% gestyg terwyl invoere met 2.2% gedaal het. Die skerp toename in uitvoere was 'n weerspieëling van sommige internasionale handelsmarkte wat weer oopgemaak het sowel as die plaaslike hawens wat geopen het en uitvoere toegelaat het. Tans word verwag dat die lopenderekoning van die betalingsbalans 'n tekort van sowat R100 miljard sal toon wat deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier kan word.
- Die aanvullende begroting van 24 Junie het aangetoon dat weens die bykomende uitgawe en kleiner belastinginkomste wat deur die Covid-19 pandemie veroorsaak is die gekonsolideerde begrotingstekort 15.7% van die bruto binnelandse produk (BBP) sal wees teenoor die 6.8% wat in die Februarie begroting aangekondig is. Die inperking en die voorspelde negatiewe groei van 7.2% vir die jaar, dui aan dat die belastinginvordering 'n tekort van R304.1 miljard sal wees. Dit sal die regeringskuld op 81.7% van BBP aan die einde van die fiskale jaar te staan bring. Indien totale besparings van R410 miljard in die volgende twee jaar bewerkstellig word, sal regeringskuld tot 87.4% van BBP teen die einde van die 2023/24 fiskale jaar styg. Die besparings sal R250 miljard plus R160 miljard aan staatsdiens salarisse en lone in die volgende twee jaar behels. Alhoewel die minister aangedui het dat hierdie besparings deur die kabinet goedgekeur is, is dit onseker of al die ander kabinetslede besef wat die implikasies van hierdie besparings is. Die internasionale graderingsagentskappe het aangedui dat hulle dit betwyfel of die besparingsmikpunte behaal sal word en dui daarop dat verdere kredietafgraderings, selfs voor die einde van die jaar, kan volg. Die finansieringsbehoefte van die regering word so groot dat hulle onderhandel om \$7 miljard in internasionale markte te leen. Indien hulle al die geld wat hulle benodig in die plaaslike markte sou leen, sal hulle alle besparings opslurp en sou geen besparings beskikbaar wees vir privaatsektor investering nie.
- Volgens die Ouditeur Generaal se jongsgte verslag was daar baie min vordering met munisipaliteite se finansiële bestuur in die afgelope drie jaar. Onreëlmatige besteding het in die afgelope jaar wat vanaf 1 Julie tot 30 Junie strek, van R25 miljard tot R32 miljard gestyg. Toewysings wat van die sentrale regering ontvang is, is op salarisse en lone bestee in plaas van op die broodnodige onderhoud en ontwikkeling van infrastruktuur. Ongelukkig verhoog munisipaliteite dikwels belastinge en tariewe waardeur die moontlikheid om winsgewende sake te doen en mense in diens te neem in enige Suid-Afrikaanse dorp of stad ondermyn word.
- Alhoewel geen belastingverhogings aangekondig is nie, het die minister aangedui dat bykomende belastinge ter waarde van R40 miljard in die volgende drie jaar gehef sal word. Dit is duidelik dat die fiskale beleid nie groei in die volgende drie jaar ondersteun nie. Groeistimulerende beleid sal deur ander staatsdepartemente aangekondig moet word, anders sal die



huidige 30.1% werkloosheid nie net in die res van 2020 nie, maar in daaropvolgende jare styg. Dit kan maklik tot sosiale onrus en 'n toename in misdaad in komende maande en jare lei.

- Inflasie bly goed onder beheer en het in April tot slegs 3% gedaal. Dit word verwag dat pryse sal styg wanneer die inperkings verminder word, maar met 'n goeie landbou-oes is die verwagting dat voedselprysstygings matig sal wees, terwyl oliepryse laer as verlede jaar behoort te wees. Die gemiddelde inflasiekoers sal laer as die teikenkoers van die Reserwebank in 2020 wees.
- Gegewe die verwagte goeie vertoning van die inflasiekoers, swak ekonomiese groei en onaanvaarbare asook stygende werkloosheidsvlakke, word verwag dat korttermynrentekoerse waarskynlik sywaarts tot diep in 2021 en selfs tot 2022 sal beweeg. Die risiko is eintlik dat hierdie rentekoerse in die res van 2020 verder kan daal.
- Op 1 Julie het langtermynrentekoerse tot 9.21% gestyg van 8.95% op 29/5/20. Dit weerspieël die groot leningsbehoefte van die openbare sektor sowel as die risiko dat die kredietgradering verder kan daal – selfs voor die einde van die jaar. Langkoerse kan onder verdere opwaartse druk kom indien dit duidelik word dat die regering nie sukses behaal in sy pogings om uitgawes in die volgende twee tot drie jaar behoorlik onder beheer te kry nie.
- Die rand bly onstabiel. Dieselfde faktore wat verlede maand genoem is wat die rand se waarde beïnvloed, is steeds aanwesig: die vrese rakende die blootstelling aan ontluikende lande in die algemeen, enige dollar sterkte, die onsekerhede weens die virusinperkings, politieke onsekerhede weens die moontlike grondonteiening sonder vergoeding sowel as die inwerkingstelling van die onbekostigbare Nasionale

Gesondheidsversekeringskema, die stygende begrotingstekort en gevolglike styging van die openbare sektor skuld en die risiko dat dit verdere kredietafgraderings kan meebring, asook die risiko van verdere kapitaaluitvloei. Terselfdertyd baat die rand by die rentekoersverskille tussen plaaslike en internasionale rentekoerse sowel as die steeds goed funksionerende finansiële stelsel.

BELEGGINGSOMGEWING

- Internasionale aandelebeurse en kommoditeite baat by die gedeeltelike verslapping van inperkingmaatreëls in baie lande. Hulle baat ook by die voldoende likiditeit in die internasionale finansiële markte sowel as die huidige baie lae rentekoerse wat waarskynlik op hierdie vlakke sal bly vir 'n baie lang tydperk. Enige toename in die Covid-19 infeksies benadeel finansiële en kommoditeitsmarkte.
- Alhoewel aandelebeurse baat by die lae rentekoerse en voldoende likiditeit in finansiële markte word aandeelpryse benadeel deur die swak ekonomiese omgewing wat aandui dat winste en dividende onder druk sal kom in minstens die res van 2020. Die hoop dat daar kapitaalgroei is en dividende beter vertoon terwyl rentekoerse laag bly en selfs negatief is, ondersteun aandeelpryse.
- In die algemeen bly valutamarkte onstabiel en word beïnvloed deur toe- of afnames in die koronavirus infeksies per land. Die dollar het die afgelope tyd gebaat by beter as verwagte VSA ekonomiese data, maar het onlangs weer verswak weens die onlangse skerp toename in die koronavirus infeksies.
- Internasionale kortkoerse sal waarskynlik in alle groot nywerheidslande sywaarts beweeg tot minstens 2022.
- Internasionale langkoerse is onstabiel, maar beweeg hoofsaaklik sywaarts. Hulle is egter



op sulke lae vlakke dat hulle met enige aanduiding van ekonomiese herstel, styg. Knaende lae inflasiekoerse sal enige skerp styging van hierdie koerse in die res van die jaar beperk.

- Terwyl algemene kommoditeitspryse baat by enige teken van ekonomiese herstel in enige land, maar veral in China, word elke kommoditeit beïnvloed deur sy spesifieke vraag en aanbod situasie.
- Goud baat steeds by die lae internasionale rentekoerse, voldoende likiditeit onstabiele in finansiële markte en politieke spanning. Hierdie faktore sal waarskynlik aanwesig wees in die res van 2020 en tot diep in 2021.
- Die internasionale oliemark word bevoordeel deur die tekens van ekonomiese herstel asook beperkings op die aanbod van olie.
- Plaaslike korttermynrentekoerse sal waarskynlik in die volgende agttien maande hoofsaaklik sywaarts beweeg.
- Plaaslike langkoerse kan onder verdere opwaartse druk kom weens die baie groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor in die volgende twee jaar. Lae inflasie en swak ekonomiese groei kan hierdie opwaartse druk demp.
- Die plaaslike aandelebeurs word benadeel deur die swak vertoning van die ekonomie en die impak daarvan op maatskappywinste en -dividende asook die uitvloeï van kapitaal. Dit word ook deur internasionale aandelebewegings beïnvloed.
- Die rand bly wisselvallig, maar het in die langtermyn 'n swakker tendens teenoor al die belangrike geldeenhede.

Ulrich Joubert

4 Julie 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik optestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

